

**Maandag 24 Oktober**

**Skrifgedeelte: Filippense 3:7-16**

**Fokusgedeelte: Filippense 3:15**

**Fokus op 'n gesindheid van oorwinning**

Vir 'n atleet wat in die belangrikste wedloop van haar lewe hardloop, is die wenstreep die groot mikpunt. As sy oor die streep kan kom, kry sy die groot toekenning, die oorwinnaarsprys.

Ons is op die lewensbaan en ons span ons in om as oorwinnaars bekroon te word. Hoe span 'n gelowige hom/haar in? Deur toe te eien. Ons glo in Christus. Ons diepste wens is om Christus nog beter te leer ken en om die krag van sy opstanding in ons praktiese lewe te ervaar. Ons wens nie net nie, ons span ons in om die verdienste van Christus nog meer toe te eien: sekerheid van vergewing van sonde, die nuwe lewe in Christus, en liefde vir God en ons naaste. Ons wil dit ons s'n maak, omdat Christus ons reeds syne gemaak het.

In ons inspanning maak ons ons los van verkeerde gedagtes, woorde en optrede, en strek ons ons uit na wat voorlê: om so die heerlikheid van die hemelse lewe in te trek in die lewe van elke dag. Ons oog is op die heerlike einde, en daarom wil ons al nader aan daardie eindpunt van geestelike volwassenheid beweeg. God het ons in Christus geroep om ons hande na die prys uit te steek. Ons het nog nie alles nie, maar deur Christus en sy weldade toe te eien, groei ons in geestelike volwassenheid.

Hoe moet ons gesindheid dan wees? Ons is meer as oorwinnaars, en daarom behoort ons op 'n gesindheid van oorwinning te fokus.

*Sing: Skrifberyming 5-4:2, 5, 6*

*Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)*